Laurika Rauch is soos goeie wyn

Laurika Rauch – Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)
Théâtre Rendezvous, Pretoria
Martjie Roos

Hei, mevrou Brown (dit gaan goed) met Laurika Rauch – en jy kan maar gerus na haar konsert gaan kyk, want dié vrou kan darem vir jou sing.

Dit is 'n konsert wat jou tone kielie, jou hart vermurwe en die nostalgie (met al haar ou treffers soos *Mannetjies Roux*, *Onder draai die duiwel rond*, *Voortaan*, *Die mense oppie bus*, *Aai, aai die witborskraai*, *Nostalgie* en *Kinders van die wind*) so sluksluk aan jou keel laat vat.

En daar is heerlike nuwe nommers, wat op haar nuwe album, *Hei, mevrou Brown*, opgeneem is, waarmee Rauch 'n mens dadelik bekoor – Lize Beekman se *'n Sonneblom uit Betlehem*, die Vuurdoopliedjiewedstryd-finalis Marlise Scheepers se *Hei, mevrou Brown*, André Swiegers se meesleurende *Hoe draai die wind dan nou (kan jy onthou)*, Vusi Mahlasela se hartseer *Sleep Tight Margaret*, Koos Kombuis se *Waar ek ook al ry* en *Reispsalm* . . .

En haar liedjieskrywer-man Christopher Torr wys weer waartoe hy in staat is – sy bydrae *Kom laat ons sing* trek weg met so lekker, jolige Kaapse-Klopse-gevoel wat jou net wil laat saamsing en Rauch laat dans dat die stof so staan.

En dan gaan die liedjie oor in 'n mineur en word 'n stadige, weemoedige ballade wat kommentaar lewer op die verganklikheid van die lewe en die liefde. Hoendervel-mooi!

Jeanette Cilliers, die Matie-student wat *Vanaand se maan* op Rauch se vorige album geskryf het, het ook op die nuwe album 'n bydrae gelewer. *Onthou*, 'n pragtige liedjie, kan eintlik beskryf word as 'n duet vir stem en kitaar.

En dan sing Rauch saam met haar kitaarspeler, Wouter van de Venter, 'n duet, *Beste vriende*, wat deur laasgenoemde geskryf is. Dit is so 'n lekker, speelse, "offbeat" blues-en-rock-nommertjie.

Deurgaans in die konsert is daar goeie interaksie tussen Rauch en die orkes, wat bestaan uit die uitmuntende musikante Jahn Beukes, perkussiespeler *par excellence* wat met sy briljante slagwerk nog meer substansie aan al die nommers gee (en wys dat hy benewens op tromme ook op vloere, stoele, panne en nog veel meer kan speel), Wouter van de Venter op kitaar, Clinton Waring op klavier en klawerbord en Leon Ecroignard op bas en kontrabas.

● Vandag en môre om 20:00 en Saterdag om 20:00 en 22:00.

Kaartjies by Computicket.